## *Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

### Kragtoevoer in die hiernamaals vereis liefdevolle hulpvaardigheid – 15/3/59

**NO: 7309** Elke mens moet daarna streef om homself te vervolmaak solank hy op hierdie aarde vertoef. Want as hy eers in 'n onvolmaakte toestand die ryk hierna binnegaan het, dan sal hy heelwat minder krag hê as op aarde. En hy sal veral nog krag moet verwerf deur werke van liefde, maar dit sal ook weer krag verg, terwyl hy op aarde oor die lewenskrag beskik het wat hy volgens eie wil kon gebruik, dus ook vir werke van liefde.

Onthou dat slegs werksaamheid in liefde julle volmaaktheid bewerkstellig, dat julle siel maar net ryp kan word deur werksaam te wees in liefde, dit maak nie saak, of dit op aarde of in die hiernamaals is nie. Dink daaraan dat julle in elk geval krag daarvoor nodig sal hê. Julle is beklaenswaardig wanneer julle daarbo in 'n kragtelose toestand aankom en nou **op die hulp van die mense op aarde of van die ligwesens in die geestelike ryk aangewese is** om eers weer ietwat krag te kry. Die mense kan jou hierdie toevoer van krag laat toekom deur **liefdevolle voorspraak**, waarom jy egter ook op aarde die liefde vir die medemens moet verwerf, wie jou nou in hul voorbidding sal insluit sodat jy krag kan kry.

Die ligwesens sal julle ook te hulp kom, maar hulle kan julle nie willekeurig krag toevoer nie. Julle sal bereid moet wees om met hierdie toevoer van krag ander siele te help in hulle nood. En juis hierdie wil om liefde te gee, moet self in julle ontwaak. Eers dan sal die nodige krag om werksaam te wees in liefde julle toekom.

Daar is wel baie nood, ook in die ryk hierna, maar wie op aarde by die nood van sy medemens verbygaan, sal ook in die hiernamaals daardeur geraak word, **omdat die eieliefde nog te groot is** en hy maar net aan sy eie noodtoestand sal dink. Daarom is dit baie moeiliker om daar tot 'n hoër graad van voltooiing te kom as op aarde. En julle mense moet daarom nie onverskillig wees nie. Inteendeel, julle moet die lewenskrag tot julle beskikking goed gebruik vir julle heil in die hiernamaals.

Julle sal waarlik baie skatte kan versamel op aarde, as julle maar net **ywerige werke van onbaatsugtige naasteliefde verrig**. En julle sal vol van krag en lig die geestelike ryk binnegaan en dus **julle geestelike skatte dadelik kan gebruik** om die ongelukkige wesens te help wat versuim het om op aarde geestelike rykdomme te versamel en wie daarom in uiterste nood aangewese is op liefdevolle hulp. Want slegs die liefde kan aan hulle hulp bring, ofskoon hulle eie wil eers bereid moet wees om hierdie liefde aan te neem en ook eweneens weer hulle sukkelende metgeselle te help, wie net soos hy self versuim het om op aarde geestelike skatte te verwerf.

Die nood is groot in die ryk hierna. En wie daarvan op die hoogte is, wie glo wat aan hom gebring word deur boodskappe daaroor, moet probeer om nog op aarde tot rypheid van siel te kom. En hy sal by sy binnegaan in die geestelike ryk gelukkig wees as hy aan hierdie vermanings gevolg gegee het. Want hy sal nooit dit kan inhaal wat vir hom op aarde met goeie wil buitengewoon maklik moontlik was nie.

Hy sal ook nog wel tot lig en geluksaligheid kan kom, maar dit sal baie meer tyd en 'n baie groot oorwinning verg om **slegs 'n paar treë verder te kom**, terwyl die aardse lewe daarenteen heeltemal toereikend was om die hoogste graad **- die graad van kindskap van God -** te kon bereik.

Maar in die ryk hierna is dit vir hom nie meer moontlik om hierdie graad te bereik nie. Leef daarom in die liefde. Doen alles om julle siele nog op aarde tot voltooiing te bring, en eendag sal julle bomate geluksalig wees en as ware helpers ook verlossingsarbeid kan verrig in die hiernamaals by diegene wat deur eie skuld in duisternis gebly het en alleen met die grootste moeite tot lig en vryheid sal kan kom. Amein.

### Oor die herbeliggaming (reïnkarnasie) – 20/3/59

**NO: 7312** Julle almal moet weet dat julle nie na eie wil die aardse weg as mens kan herhaal nie, maar dat julle wel **een eenmalige geleentheid moet benut**, as julle nie eendag deur bitter berou gepla wil word, deurdat julle deur julle eie skuld onvoltooid die geestelike ryk ingegaan het nie.

Die veronderstelling: Om so dikwels as wat julle wil, die aardse lewe te kan herhaal, totdat julle die graad van volmaaktheid bereik het, laat julle lou word in julle geestelike strewe en daarom is so 'n leer skadelik vir die heil van julle siel. Dit is 'n gevaar, want baie mense het deur hierdie leer **nalatig geword in die arbeid aan hulle siel** en hulle hoop steeds, dat hulle in 'n nuwe lewe dit goed kan maak wat hulle nou versuim het.

Tog is so 'n leer 'n dwaling. Julle moet die genadegawe van die beliggaming as mens ten volle benut. Want as julle eenmaal die ryk hierna ingegaan het, dan is julle aardse ontwikkelingsgang afgesluit en alle vêrdere ontwikkeling **hang nou af van julle ingesteldheid in die geestelike ryk** - en dit kan heel anders wees. Julle kan met 'n goeie wil, met werksame hulp van die Ligwesens en doeltreffende voorbede van mense ook nog vooruitgang in die hiernamaals boek en ook eenmaal tot saligheid kom. **Maar daarvoor moet julle heelwat meer krag aanwend as op aarde**.

Julle kan egter ook wegsink in die diepte, as julle 'n verstokte hart het en in die geheel nie van goeie wil is nie. En in die geval sou dit waarlik 'n nie-goddelike daad wees om die beliggaming op die aarde nogmaals aan julle toe te staan, **wat nooit 'n geestelike vooruitgang sou waarborg nie**, omdat die vrye wil

altyd beslissend is en julle die herinnering aan vroeër moet verloor, terwille van die vrye wil. Is julle egter wel van goeie wil, dan kan julle ook hierdie rypheid in die geestelike ryk verkry, waardeur julle verseker sal wees van ligtoevoer en dus ook van 'n mate van saligheid wat voortdurend verhoog kan word.

En dan sal julle geen meer verlange hê om 'n vleeslike liggaam aan te neem om 'n volgende beliggaming op aarde deur te maak nie. Die enkele gevalle waarin dit kan voorkom het hulle heel besondere redes, maar is nie as norm aan te merk, sodat die leer van reïnkarnasie daarvan afgelei kan word nie.

Dit is nie so dat die mens nie sy voltooiing op aarde sou kan bereik nie, want daarvoor het JaHshua Messias aan die kruis gesterwe, sodat dit moontlik is dat 'n **eenmalige gang as mens oor die aarde** vir hom die volkome bevryding uit die vorm kan oplewer.

Dit is enkel en alleen die wil van die mens wat gefaal het, waarvoor hy dan ook die gevolge op homself moet neem: 'n Onsalige toestand in die geestelike ryk, wat hy egter na eie wens willekeurig kan afbreek en verander. Bowendien gaan alles volgens God se wil opwaarts, slegs die wil van die mens kan terug gerig wees.

En dus sou dit die plan van die goddelike ordening teenspreek, wanneer deur Sy wil 'n wese weer in 'n vorige vorm geplaas sou word wat hyself nie goed benut het nie. Daarom kan daar van 'n misbruik van 'n genadegeskenk gepraat word, waarvoor hy homself nou ook moet verantwoord en die gevolge daarvan op homself neem.

'n Herbeliggaming kan plaasvind in besondere gevalle, sodat **Ligsiele** hulself byvoorbeeld op die aarde kan beliggaam **met die doel om te help** en hierdeur hulle groot liefde vir die noodlydende mensdom tot uitdrukking bring. Hulle neem dan nogmaals die gang oor die aarde aan as mens op hulself om die medemens te help in geestelike nood.

En so kan daar dus met reg geglo word dat daar mense op die aarde vertoef **wat van "bo" neergedaal het**, maar wat dit egter self nie weet nie. Die medemens kan dit miskien wel vermoed, maar nie met sekerheid beweer nie.

Nog baie minder egter is die beweringe geloofwaardig dat mense hulself meermale op aarde bevind, **by wie geen geestelike missie te bemerk is nie.**

Die leer van die herbeliggaming is 'n gevaar vir die mense, want die enkele gevalle word veralgemeen en die verantwoording van die mens word buite beskouing gelaat en wyk voor die sorgeloosheid van hom wat glo om steeds weer te kan goedmaak wat hy versuim het. Die insig sal hom later in die geestelike ryk swaar belas, **want nooit is dit vir die mens moontlik om in te haal wat hy deur eie skuld gedurende sy aardse lewe versuim het nie**.

Hy kan wel ook daar nog 'n sekere liggraad bereik en dit steeds meer verhoog, **- hy sal egter nooit die hoogte van die kindskap van God kan bereik nie**, want om dit te bereik, is slegs op aarde moontlik.

En hy is bowendien in groot gevaar om in die hiernamaals **nog weg te sink in die diepte**, as hy die geleentheid nie aangryp en met behulp van die Ligwesens opwaarts streef nie. Amein.